
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "27 April 1994" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Vroue van Vermeer" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "'n Paternoster vir Suid-Afrika" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Die Bokser" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| | **EN** | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. My Blommenkie–lief | Kontekstuele vraag | 10 | 13 |
| **AFDELING B: ROMAN** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 7. *onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 20 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 23 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 23 |
| **AFDELING C: DRAMA** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 26 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 26 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 29 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 29 |

*** LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14-17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**27 April 1994 – Vincent Oliphant**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur ’n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om ’n lied vir my land
soos ’n vlag aan die tong te sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

[Bron: *Die sagte vlees,* 1998]

Halfrym, tipografie en beeldspraak ondersteun die gedagte van vryheid.

Bespreek die stelling in ’n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vroue van Vermeer – T.T. Cloete**

Dit is meestal ’n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met ’n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in ’n gloeiende klein hand
voor ’n kleiner of groter oop
venster. Daar kom ’n ligte geruis
van ’n wêreld aan uit ’n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van ’n skildery of spieël of in ’n wynhouer
ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra ’n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, 1989]

2.1 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld. 2.1 E.

Waarom kan hierdie gedig as ’n kumulatiewe beeldgedig gesien word?

A Dit handel oor die hele oeuvre van Vermeer.
B Dit handel oor Vermeer.
C Die gedig is geïnspireer deur ’n beeldende werk van Vermeer.
D Die gedig het baie beeldspraak. (1)

2.2 Motiveer waarom die gebruik van die titel so effektief in hierdie gedig is en verduidelik hoe hiérdie belangrikheid uitgehef word. Watter woord in versreël 1 sluit by die titel aan? (3)

2.3 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woord in versreël 2 en dui die verband met die onderstreepte woorde in versreël 3 aan. (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 Verduidelik die stylfiguur wat in versreël 6 voorkom. (1)

2.5 Benoem en verduidelik die betekenis van die beeldspraak in versreël 8. (2)

2.6 Verwys na versreël 17 en 19.

Wat sou jy sê is die doel om hierdie onderstreepte voorwerpe juis hiér te gebruik. (1)

**[10]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n Paternoster vir Suid-Afrika – Lina Spies**

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –

van hulle
wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
dassies skrikgemaak het in sy klowe,
wol getrap het in sy krale.

Ek het asemloos toegekyk:
swart bolywe geboë oor magtelose diere
en skerp skêre wat my laat wag het,
bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
Maar die swart versigtige hande
het selde dieper as die wit geknip
en ek kon die lootjies uitdeel
want die arbeider was sy loon waardig
volgens die aantal wat hy vrygemaak het
om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.

Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
die wololie van my voete afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.

Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
soos ons hule vergewe, die luidrugtiges
wat nooit binne die kraal was nie,
wat nooit rietperd gery
en kaalvoet geloop het nie,

en Here sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is ’n armband van gras;
my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie ...

Aan u behoort die land
en die son
en die skape van sy weiding

Gee ons liefdevolle hande, Heer,
en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed
dat daar nie onnodige bloed verspil nie

en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg,* 1971]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1 Waarom is dit korrek om te sê die titel plaas die leser in ŉ gewyde stemming en waarop dui die onbepaalde lidwoord in die titel? (2)

3.2 Op watter wyses beklemtoon die spreker wie die kinders is waarna in versreël 2 verwys word? (2)

3.3 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld 3.3 E.

Benoem die stylfiguur in versreël 8.

A Metafoor
B Sinekdogee
C Klanknabootsing
D Kontras (1)

3.4 Haal die versreël aan wat daarop dui dat die pogings om swart-wit verhoudings te laat werk, vrugte afgewerp het. (1)

3.5 Waarom is dit funksioneel om die tempo in versreël 20 te verstadig en hoe word dit bewerkstellig? (3)

3.6 Verwys na versreëls 26 tot 28.

Is dit geregverdig om te sê dit is die antwoord op die verkryging van die lootjies in versreël 35? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die bokser – Ernst van Heerden**

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wiegend – ritmies, sterk –
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak ...

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

'n flikker-weerskyn word verskerf,
'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...

Wie is die man wat roerloos lê,
wie't 'n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan't roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit ...?

[Bron: *Groot Verseboek,* 1981]

4.1 Beantwoord die titel aan die leser se verwagting? Motiveer jou antwoord. (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld 4.2 E.

Verduidelik die stylfiguur in strofe 1.

A Dit dui op die tou van die kryt wat grense stel.
B Dit dui op die beperkte ruimte waarin die geveg plaasvind.
C 'n Kryt is 'n terrein van sekerheid, maar in versreël 2 is dit nou skuins en onvas.
D Die lewe perk jou soos 'n kryt in. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 Hoe weet die leser die wending vind in versreël 9 plaas en waarom is dit juis híér so effektief? (2)

4.4 Tot watter insig kom die mens in versreël 12? (1)

4.5 Waarom kan gesê word dat die rympatroon en die strofebou effektief in die gedig meewerk? (2)

4.6 Die vertellersperspektief in die gedig wissel.

4.6.1 Verduidelik die stelling hierbo. (2)

4.6.2 Hoe dra die gebruik van die ellips in versreël 22 by om jou verduideliking by VRAAG 4.6.1 te staaf? (1)

**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**My Blommenkie-lief – Christo du Plessis**

In die Rosestad
het ek vir Rosalie ontmoet.
Haar donker aroma het my begroet -
Maar haar ouderdom sou ek nooit kon skat.

Aan Tafelberg se hange
het ek vir Heidelief gekry.
Haar lyf het my gevlei -
Maar haar oë was vol van vêr verlange.

In die digtheid van die Bosveld-tuin
het ek aan Doringrosie vasgehaak.
Sy het my met haar weligheid aangeraak -
Maar haar hart was begrawe onder seerkry se puin.

In die Hooglande met sy eie taal
het my Blommenkie-lief gewag vir my.
Sy het met haar rooi lippies gul gelag en was bly –
Want ek het haar as my deelgenoot gaan haal.

[Bron: *Vir vanaand sal ek net jou hand vashou*, 2015]

5.1 Voltooi die onderstaande sin:

Tipografies bestaan die gedig uit vier ... (1)

5.2 Rosalie se swaar parfuum word in strofe 1 genoem.

5.2.1 Watter halfrym versterk hierdie gedagte? (1)

5.2.2 Watter woord dui aan dat hierdie aroma nie ŉ indruk op die spreker gemaak het nie? (1)

5.3 Dink jy die rym in strofe 2 is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

5.4 Wat is die stemming na die wending in strofe 2? (1)

5.5 Met watter woord in strofe 3 skakel "digtheid" (versreël 9) en wat word deur versreël 11 geïmpliseer? (2)

5.6 Verwys na strofe 4.

5.6.1 Hoe kontrasteer die dame in strofe 4 met die ander dames in die gedig? (1)

5.6.2 Watter woord beklemtoon die progressie in die gedig en waarom is dit korrek om te sê dit was ŉ wedersydse soektog? (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Die handeling van Greg ondersteun die tema van die ontwikkeling van ŉ adolessent wat voor ŉ aantal uitdagings te staan kom op pad na selfbegrip en volwassenheid.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Ek spring uit die bed dat die beddegoed doer trek, gryp my badkamersakkie en handdoek. Toe ruk ek die koshuiskamer se deur oop. In die gang loop ek my byna kis teen iemand.

Thomas-Jean. TJ in kort.

"Jy's bietjie laat, bru," sê hy.

"Ek weet. Dis Eckardt, die goorgat – hy't my nie kom wakker maak nie. Kan nie nou praat nie. Sien jou later, TJ!"

Almal wat ek in die gang teëkom, is al aangetrek: swart broeke, baadjies. Wit hemde, geel dasse. Die skoolwapen met die fakkel op die baadjies se sakke. Bo die wapen is die skool se naam: Lawson Kollege, en onder die wapen die skool se leuse: Lux hominum vita.

Ek stamp my pad oop deur die bondelende klomp seuns wat op pad is na die eetsaal.

"Hei, buddy, lekker verslaap," roep een.

"Is jy nie aan diens by die graadagts nie?" vra een van die VRL's.

Dit ook nog. Ek het vergeet. Ek hoop maar net hulle het nie die plek vanoggend afgebreek nie. En dat almal uit die bed is.

Nog ŉ paar ouens terg, ander wil groet, gesels, vra oor rugby of iets. Maar ek mompel net onhoorbare verskonings. Die verdomde Eckardt, vloek ek weer sag. Ná ŉ vinnige stort, skeer en tandeborsel, gaan trek ek aan. Toe sit ek af met die koshuisgang, systap ŉ skoonmaker wat my verbaas agternakyk. Eckardt se kamer is net ŉ kort entjie van myne af. Ek klop vinnig, pluk die deur oop voor hy kan antwoord.

7.1 Wie is die ek-verteller in TEKS A en waarom is die keuse van dié soort verteller hier suksesvol? (2)

7.2 Is TJ se latere optrede in die verhaal regverdigbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

7.3 Verwys na reël 11: Lux hominum vita

7.3.1 Gee die betekenis van dié leuse. (1)

7.3.2 Motiveer of die ek-verteller se besluit ten opsigte van dok Pienaar 'n uitlewing van hierdie leuse is. (1)

7.4 Verwys na reëls 11 tot 15.

7.4.1 Watter gesindheid openbaar die medeleerders teenoor die ek-verteller? (1)

7.4.2 Sou hierdie gesindheid van die medeleerders die ek-verteller se keuse by die rugby-oefening kon verduidelik? Motiveer jou antwoord. (1)

7.4.3 Waarom het die ek-verteller besluit om wel só by die rugby-oefening op te tree? (1)

7.4.4 Motiveer of daar enige verband tussen hierdie optrede en die skool se leuse is. (1)

7.5 Verwys na reëls 18 tot 19.

Watter ontdekking maak die ek-verteller in die kamer en watter emosie ervaar hy tydens die ontdekking? Watter gebeurtenis kon gelei het tot hierdie emosie? (3)

**EN**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**TEKS B**

"Ma, sal Ma na Pa kyk? Ek moet vir inspekteur Cele bel." Dis nie oor my pa dat ek nou vir haar wil kontak nie. Sy, sersant Botha en die ander polisie-eenhede wat betrokke gaan raak, sal mettertyd van hom uitvind. Ek kan dit nie keer nie. "Ek moet haar vertel van Ekk-0."

Buite die motor gly die landskap geruisloos verby in die donker. Greg se selfoon breek die stilte. Private number, lees die selfoonskerm.

"Greg, hallo?" Hy luister. En druk dit dan net dood.

"Wie was dit?" vra sy ma moeg.

"Iemand van die koerant."

Sy sug. Greg draai om in sy sitplek, kyk na die motor wat hulle volg.

Sy pa. Sy gesig skaars sigbaar in die donker. Hy draai weer terug. Dit is nog ver Johannesburg toe. Die motorligte vloei helder oor die teerpad.

Lux hominum vita.

Greg leun met sy kop teen die passasiersvenster. Sy tong voel dik in sy mond.

"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag.

ʼn Hand op sy skouer. Sy ma s'n.

Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.

Die selfoon lui weer. Die joernalis het nog nie die boodskap gekry dat hy nie met haar wil praat nie. "Net asseblief een ding, Greg," hoor hy haar sê, "die ou na wie die polisie soek – ek het twee name hier: Eckardt Wilken en Ekko-0. Is dit sy regte naam?

7.6 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af? (1)

7.7 Om watter redes sou ons kon sê die milieu in TEKS B is ook ʼn geestesruimte? (2)

7.8 "Ek kan dit nie keer nie." (Reël 3)

7.8.1 Waarna verwys Greg hier? (1)

7.8.2 Waaroor het Greg konflik beleef? (1)

7.8.3 Waarom sou hierdie woorde as ironies beskou kon word? (1)

7.9 Wat impliseer reël 11? (1)

7.10 Verwys na reël 15.

Om watter rede sou Greg gedink het hy is "bullet-proof" en watter optrede van hom het die teendeel bewys? Wat verklap hierdie reël oor Greg se karakter? (3)

7.11 Watter handeling van mnr. Owen laat Greg toe om nou oor John te huil? (1)

7.12 Hoe verskil TEKS A en TEKS B ten opsigte van die ontwikkelingslyn van die roman? (2)

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

In Barotseland kom Baas, die swerwer, tot rus en groei tot iemand wat vir ander omgee.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Lyk my jy weet ook van alles, Riekert. Ek is nuuskierig. Wat weet jy nog van my?" Baas leun teen die bakkie.

"Moenie my verkeerd verstaan nie, Baas. Ek probeer glad nie insinueer dat jy finansiële probleme het nie. Ek sê net as jy my dalk eendag nodig kry, vra maar daar by Kubu Lodge. Hulle sal weet waar ek is. En, soos ek gesê het, ek betaal goeie pryse. Jy lê hier teen Angola, man. Noudat ou Savimbi se Unitatjies honger word, kom hierdie klippies by die honderde oor die grens. Dis makliker as maroelas optel."

"Nog iets?" vra Baas, sy een arm op die oop deur, die ander arm op die Land Rover se dak.

"Jy laat my skoon vasgekeer voel, ou maat." Riekert stryk met sy plat hand oor sy kop. "Lyk my jy en hierdie hond van jou is ewe wantrouig. Moet nou nie koppig wees nie, man. Hierdie rivier is nie elke ou se maat nie. En die Zambezi Joy is gedaan. Jy mors jou tyd. Sy sal nooit weer water toe gaan nie. Dink mooi: Hierdie soort klippies is dalk net wat jy nodig het om ŉ nuwe begin te maak. <u>Ons weet almal jy wil ŉ toerbesigheid begin.</u> In jou kop lyk dit miskien na ŉ wenner, maar op die ou end loop jy met ŉ bondeltjie op jou rug uit Barotseland weg."

"Of ek sit met ŉ splinternuwe boot met ŉ splinternuwe naam," glimlag Baas. "Geheimsinnig oor die nuwe naam?"

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

9.1 Hoekom is Riekert se teenwoordigheid op Manaka onwelkom? (1)

9.2 Riekert verwys in reël 4 na Baas se "finansiële probleme".

Gee redes vir hierdie "probleme". Wat was die uiteindelike gevolg vir Baas as jy die tema van omgee/Ubuntu/mededeelsaamheid in gedagte hou? (3)

9.3 Herlees reëls 3 tot 11.

9.3.1 Van watter karaktereienskap van Baas is Riekert bewus? (1)

9.3.2 Hoe ondersteun Grace se siening van Baas dié karaktereienskap? (1)

9.3.3 Dink jy Baas se reaksie op Riekert se voorstel is realisties? Motiveer jou antwoord uit die roman. (1)

9.4 Hoekom is Baas "wantrouig" teenoor Riekert en hoe loop Riekert se plannetjies op Manaka uiteindelik skeef? (2)

9.5 Herlees die onderstreepte sin in reël 16.

9.5.1 Hoekom wou Baas ŉ toerbesigheid begin? (1)

9.5.2 Slaag Baas in sy doel? Motiveer jou antwoord uit die roman. (1)

9.6 Wat is die boot se nuwe naam? (1)

9.7 Motiveer waarom die latere antwoord wat Riekert self op sy vraag in reël 19 gee, ongeregverdig is. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**TEKS D**

Baas bly staan. Watter soort boodskap sal ŉ mens nou los as jy self nie eens weet hoekom jy gekom het nie?
Hy maak die agterklap oop en laat die trop honde afspring. Hulle loop hulle draaie en spring weer op. Hy maak die klap toe en skakel die Land Rover se ligte af.
In Whitey se tent trek hy ŉ vuurhoutjie. Daar is ŉ paraffienlampie op ŉ groen trommel langs ŉ kampbed. Hy steek dit aan. Op die trommel lê ŉ Bybel. Baas gaan lê op die bed, sy hande in die lug; seer van die warm planke wat hy moet buig om by die kromming van sy boot se romp aan te pas. Iewers roep ŉ dikkop. Het Whitey ook ŉ ashoop? Wat gebeur nou daar by die Plek van die Kremetartbome? tuimel sy gedagtes.
In Whitey se Bybel lees hy die tekste wat Ouma Essie vir hom gegee het toe sy hom kom roep het om die kerk se balke te gaan haal.
Hy ryg die tent weer toe en ry terug. Op pad wag hy vir die dag om te breek. Ligdag loop hy en die honde die kop uit na die boom toe waar die vlakvark Longwane gegaffel het. Dit is die kremetart waar Whitey se oupa in sy jong dae nog ŉ uitgekerfde naam in die bas kon lees. Hy loop teen die skuinsgroeiende stam uit en kry die knopperige riwwe.
*Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie* ...

9.8 Watter soort verteller is in reëls 1 tot 2 aan die woord en wat is sy funksie hier? (2)

9.9 Is daar ŉ verband tussen Whitey, die uitgekerfde naam in die kremetart en Baas? Gee TWEE redes vir jou antwoord.
Is daar ŉ vroeër optrede van Baas in die roman wat hierdie verband bevestig? Motiveer jou antwoord. (3)

9.10 Aan watter "familiekwaal" ly Whitey? (1)

9.11 Ouma Essie voer ŉ soortgelyke rede aan vir Meneer Johnnie (TEKS C) en Baas (TEKS D) se koms na Manaka.

Wat is dié soortgelyke rede? Noem DRIE bewyse uit die roman dat Baas sy regmatige plek op Manaka inneem. (4)

9.12 Reël 19 (TEKS D) verteenwoordig die godsdienstema in die roman.

9.12.1 Gee ŉ ander tema wat in die roman voorkom. (1)

9.12.2 Watter boodskap word aan die leser oorgedra, deur die tema wat jy genoem het? (1)

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In die roman Vatmaar beleef Tant Wonnie en Oom Chai konflik as gevolg van hulle interaksie met mense.

Bespreek die stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die Du Toitspan-hospitaal het ’n brief vir die dorpsraad geskryf waarin hulle sê hulle sal een of twee keer ’n week ’n verpleegster Vatmaar toe kan stuur, op een voorwaarde: Die dorpsraad moet betaal vir die transport, of dit nou ’n kapkar of ’n mouterkar is. Net vir ’n bicycle of ’n gewone perdekar hoef hulle nie te betaal nie. Die dorpsraad het die hospitaal-superintendent bedank en die voorwaarde aanvaar.

Dit was weer ’n plesierige Mister Burns wat vir Kenny kom sê het: Here is the letter from the town council. The clinic will be opened, not this Saturday but the next. Get ready for the celebration, for there is a time to mourn and a time to be merry.

Kenny vra toe die domanie om op die agenda van die diens te sit dat die kliniek die volgende Saterdag deur die burgermeester van die Pan en sy raadslede oop verklaar sal word, en dat hulle baie bly sal wees as die hele Vatmaar na die feesvieringe kan kom.

Kenny het vir Sus Bet geld gegee en haar gevra om die beste khadie te maak wat sy nog ooit gemaak het. Sy het gesê: Op een voorwaarde, dat Vatmaar se mense nie van die khadie drink nie. Laat dit net vir die mense van die Pan wees.

Fair enough, sê Kenny.

Ek verwag dat jy dit so sal hou, het Sus Bet gesê.

Die gemmerbier sou deur Nurse-sister Gous gemaak word, en sy moes ook sorg vir genoeg vier-gelling-paraffienblikke vir die bier.

11.1 Die Kliniek.

11.1.1 Waarom was die oprigting van die kliniek so belangrik vir Kenny? (2)

11.1.2 Watter raadslid het ’n groot rol gespeel om die kliniek tot stand te bring? (1)

11.2 Die oprigting van die kliniek was vir Kenny ’n “time to be merry” (reël 9).

Gee nog TWEE redes waarom dit vir Kenny ’n “time to be merry” kan wees. (2)

11.3 Waarom het Kenny juis vir Sus Bet gevra om die khadie te maak? (1)

11.4 Hoe sluit Sus Bet se woorde en/of handeling op die delwerye by die titel van die roman aan? (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

11.5 Noem karaktereienskappe van Sus Bet wat jy uit die roman kan aflei en gee ŉ voorbeeld van elke karaktereienskap uit die roman. (4)

11.6 Herlees reël 16 tot 18.

Hoekom, dink jy, stel Sus Bet hierdie voorwaarde? (2)

**TEKS F**

> God, my God, het hy nou op sy bicycle gesit en dink. Ek dank U dat U weer die liefde in my hart herstel het. Laat my tog hierdie meisie aanvaar soos sy is, dat ek haar nie sal probeer verander nie. Want sy is onskuldig en rein in denke en dade. Laat my tog nooit die oorsaak wees van enigiets wat haar sal seermaak nie. Sy is myne en ek behoort aan haar. En gee dat ons U in ons saamwees sal eer, my God.
> Voor sononder daardie middag het hy gesê: Suzan, ons moet die lamp by die kliniek gaan regmaak. Ek sal vir Heinrich dra, dan bring jy vir my die sak met die lampsakkies en die Instructions.
> Hulle is eers na Nurse-sister Gous. Ja, sê sy, ek het al gewonder wanneer julle twee kom want die mense sê daar moet ŉ sakkie in die lamp kom en jy het nie vir my so iets gegee nie.
> Kenny tik met sy hand op sy sak. Hier is hulle, Suster.
> Toe hulle naby die kliniek kom, kyk die vroedvrou skierlik rond en sê: Ek ruik rook, ŉ groot veldvuur wat die Augustus-wind dié kant toe waai.
> Nooit het dit in haar kop opgekom dat dit die eerste gebou in die geskiedenis van Vatmaar is wat besig is om in vlamme op te gaan nie.
> By die kliniek vra Kenny: Hoe gaan dit hier, Suster?
> Doodgoed, sê sy. Party mense kom sit sommer net hier op die bankies en vergeet van die wêreld.

11.7 Watter morele kwessie het konflik vir Vatmaar se gemeenskap na Tant Wonnie se begrafnis veroorsaak? (1)

11.8 Hoe het die milieu ŉ invloed op Kenneth en Suzan se hantering van hierdie konflik gehad? (1)

11.9 Watter handeling van Suzan versterk die tema van liefde? (1)

11.10 Na watter kliniek word hier verwys? Dra die oprigting van die kliniek by tot Kenneth se berusting? Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. (3)

11.11 Waarom is reëls 4 tot 5 (TEKS F) ironies ten opsigte van Kenneth en Kaaitjie? (1)

11.12 Waarom ervaar Suzan konflik oor die gebou (reëls 15 tot 16) wat afgebrand het? (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

11.13 Kenneth se ouers was vantevore nie tevrede met sy keuse vir ŉ lewensmaat nie.

11.13.1 Waaroor was hulle ontevrede? (1)

11.13.2 Waarom kan Kenneth vir Suzan nou met ŉ geruste hart na sy ouers neem om te ontmoet? (1)

11.13.3 Waarom is dit gepas dat Kenneth Suzan *my als* noem? (1)

**[25]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag)

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

In *Die kwart-voor-sewe-lelie* is die Engel een van die karakters in Iris se lewe.

Bespreek die rol wat die Engel in Iris se lewe speel in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Peter het verkies om te swyg.
"Jy hoor wel van my," het Joe gesê, aan sy voorkop geraak en vertrek. Ek was eintlik spyt, want sonder sy weerligafleidende effek was ek uitgelewer aan hierdie vreemdeling met wie ek veronderstel was om ŉ kamer te deel.
"Hoe gaan dit met jou studie?" het ek beleef gevra.
"Goed."
"Is jy amper klaar?"
"In Mei."
"O. En dan?"
"Dan gaan ek huis toe."
Ek het sy leë koppie gevat en dit in die badkamer uitgespoel. "Die mense hou nie eintlik van ons nie," het ek gesê toe ek terugkom. "Van Suid-Afrikaners."
"Nee," het hy saamgestem. "Nie eintlik nie."
"Hy's moeg," het die Engel skielik agter my gesê.
Ek het soos gewoonlik omgedraai al het ek geweet daar gaan niks te siene wees nie.
"Wat is dit nou?" het Peter gevra en oor sy gesig gevryf.
"Niks nie. Ek dag ek hoor ... Jy's seker moeg?"
"Nogal. Ek het heelnag op die lughawe gesit omdat hulle gesê het daar's ŉ kans dat die vliegtuig gisteraand al sou vertrek."
"Dan wil jy seker nou slaap?"
Hy het op die rand van die bed gaan sit. "Tensy jy iets anders beplan het."
"Ek wou gaan eet het. Daar's ŉ plek net ŉ paar tree van hier." ...
"Maak my wakker wanneer jy terugkom," het hy gesê en lankuit oor die bed geval. Sy kaal rug het my week gemaak en ek het skielik onthou waarom ek altyd antwoord op sy roepstem. "En moet om hemelsnaam nie met vreemde mense praat nie."

13.1 In watter ruimte bevind Iris haar in TEKS G? (1)

13.2 Watter karaktereienskap van Peter kan ons aflei uit die gebeure wat TEKS G onmiddellik voorafgaan? (1)


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

13.3 Watter bydrae lewer Joe tot Iris se lewensfilosofie? Wat is Peter se reaksie op dié bydrae? (2)

13.4 Noem TWEE afleidings wat jy oor die verhouding tussen Peter en Iris na aanleiding van hulle gesprek in reëls 5 tot 10 kan maak. (2)

13.5 Iris en haar gesin behandel alle rasse gelyk.

Motiveer dié stelling met DRIE voorbeelde uit die roman. (3)

13.6 Verwys na reël 15.

13.6.1 Watter rol van die Engel kom hier na vore? (1)

13.6.2 Noem nog TWEE rolle wat die Engel in Iris se lewe vervul. (2)

13.6.3 Dink jy die Engel se optrede in reël 15 sluit by die motto van die roman aan? Motiveer jou antwoord. (1)

13.7 Gehoorsaam Iris Peter se versoek in reël 26 nadat die gesprek plaasgevind het. Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**TEKS H**

"Nee," het ek gesê.
Dié keer was dit 'n regte hospitaal. Geen katte nie en al vier beddens in die saal beset.
Links van my was 'n gebreekte heup, oorkant my 'n gebreekte sleutelbeen en 'n rugwerwelprobleem. Vir die Engel was daar geen lêplek nie. Hy was ook nie op die vliegtuig nie en ek het gewonder of hy agtergebly het om sy wakende oog oor Peter of Bettie te hou.
Frederik het my hand vasgehou en ek het hom maar laat begaan.
Ek was skaars weer op die been en aan dokter Anders se sy, toe Elsa haar dramatiese aankondiging maak: Sy het besluit enigste kinders is nie die ideaal wat sy ons altyd voorgehou het nie, groot gesinne is meer dinamies en verrykend. (Dit was kort ná die geboorte van Michel, Kara en Claude se eersteling, 'n blonde kind met pikswart ogies en 'n olyfkleurige vel soos sy mooi pa.) Haar dokter het sy kop geskud en gesê sterilisasie is onomkeerbaar, maar hulle kon tog diverse dinge probeer en kyk wat gebeur. 'n Drieling was die gevolg. Selfs Johanna het nie geweet wat om te sê nie en Pa het in aller yl van sy plaas teruggekeer om sy prokureur te gaan spreek en sy testament te hersien. Al drie was seuns en sou aan 'n stukkie grond gehelp moes word.
"Die dokter is te slim," het Ma gesê. "Wie sou dit kon raai?"
"Slim?" het Johanna gesê. Sy en Ma het gebrei dat die rook uit hul penne slaan, ...

13.8 Waarom is Iris nóú in die hospitaal? (1)

13.9 Dr. Anders se van is sprekend van Iris se anderste verhouding met mans.

Gee DRIE redes waarom haar verhoudings met Peter én Frederik anders is. (3)

13.10 Verwys na reëls 5 tot 6.

Hoekom sou die Engel moontlik 'n wakende oog oor Bettie moet hou? Dink jy Peter sou daarvan hou dat die Engel 'n wakende oog oor hóm hou? Motiveer jou antwoord. (2)

13.11 Verwys na reëls 8 tot 15.

Watter ironiese wending ondergaan Elsa en Kara onderskeidelik in die roman? (2)

13.12 In reël 15 tree Johanna teenstrydig met haar karakter op.

13.12.1 Waarin is dié teenstrydigheid geleë? (1)

13.12.2 Noem TWEE maniere hoe Johanna as karakter vir Iris ten opsigte van haar lewensfilosofie ondersteun. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Antie Grootmeisie en Blanchie het 'n invloed op Map Jacobs, terwyl Blanchie en Maud Cavernelis beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

*Lig vóór en op die trap van die woonstelblok waar die Cavernelisse woon. Dis 'n Sondag, nog taamlik lank voor Kerstyd, maar die Kersorkes van die buurt is alreeds aan't oefen met die oog op "die end van die jaar". Daar is Danny Delcarme, Boytjie Louw, Oompie Paulsen, Kaffi'tjie Arries, Freddy la Vita en Bêrend Oliphant.*

*Die straat is vol mense, onder andere Cyril en Richie wat, met die bord oor 'n groot konka opgestel, kerrim speel; en Tommy Sobotker, die "man moet die trinkets" – Tommy smous jare al met klein goetertjies (ringetjies en "bangles" en wat dies meer), en doen veral goeie sake met die kinders van die buurt. Sy ware karwei hy meestal in 'n vlak handkarretjie, netjies met vakkies toegerus.*

*Die musiek van die orkes klink op. Nuuskieriges van oral af. Die saxofoon klim bo die ander instrumente uit. Die straat bly besig. Dan het die orkes sy eerste lied klaar, en stem vir die volgende. Stemme uit die skare word gehoor.*

EEN: Hê, watte' band is dit dié?

TWEE: *(wil antwoord, maar weet ook nie en vra eers 'n ander)* Hoe call hulle nou weer vir hulle?

DRIE: *(wat weet)* 'Is die Star of the Redemption, man!

TWEE: O! *(Dan aan EEN.)* 'Is die Star of the Redemption! Hulle practise al vir Krismis! Dan loep hulle mos!

EEN: Star of the wát?!

DRIE: Redemption, man!

'N ANDER: Star of the Redemption ...

EEN: O! Maar hulle practise darem vroeg al vi'jaar!

DRIE: Well, Oompie Paulsen wil hê al die koppe moet hulle kant toe kom vi'jaar ...

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



STEM: Seker so ...
*Die orkes speel. Die mense praat.*
***Die lig verander**. Blanchie verskyn, mooi aangetrek, op pad uit.*
*Ons sien vir Maud by 'n venster bo, van waar sy na onder loer.*

15.1 Wat noem ons die teksgedeelte vanaf reëls 1 tot 15 en verduidelik waarom die insluiting daarvan noodsaaklik vir die leser is. (2)

15.2 Wat is die sosio-politieke konteks waarteen die drama afspeel en die gevolge daarvan vir die karakters? (3)

15.3 Herlees reëls 6 tot 7.

Verduidelik hoe die speletjie wat Cyril en Richie speel werk en hoe dit simbolies aansluit by die sosio-politieke konteks waarin die karakters hulself bevind. (2)

15.4 Watter verband is daar met die naam van die orkes in TEKS I en die titel van die drama en verduidelik ook die ironie wat in die orkes se naam opgesluit lê as ons die inhoud van die drama in gedagte hou. (2)

15.5 Die taalgebruik in die drama is karakteriserend. Noem DRIE eienskappe van die taalgebruik wat dit as 'Kaaps' tipeer. (3)

15.6 Verklaar wat met die woorde in reëls 26 tot 27 bedoel word. (1)

15.7 Herlees reël 30 en 31.

Is die veranderende lig in die drama geslaagd of nie geslaagd nie? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**TEKS J**

*Die orkeslede stem in, behalwe Boytjie natuurlik.*

MIRIAM: *(besig met Boytjie)* Hoe lyk 'it, mister Louw, gaat julle wen vi'jaar?

BOYTJIE: Met 'n meisie soos jy wat onse klere help maak, hoe kan ons annerste?
*Hulle lag.*

BOYTJIE: *(laf)* Eina, Miriam, man, jy kielie 'n mens!

MIRIAM: *(giggel)* Ag, moenie spót nie, mister Louw...

OOMPIE PAULSEN: Hê, Miriam, moenie lat hy beginne vlerksleep nie gehoor, Boytjie Louw is 'n vinnige man, en voor jy wiet ...
*Almal lag*

BOYTJIE: Aag, Oompie Paulsen, Oompie Paulsen práát sommer maar...
*Miriam giggel, en werk maar aan. Die orkes bly aan die stem.*

MIRIAM: *(terwyl sy bly werk)* En mister Jacobs, waar is hy? Boeta het gesê ek moet seker maak of ek mister Jacobs se measurements ook moet niem... Mister Johnnie Jacobs ...Ek het hom nog nooit selwers ge-meet nie... Boeta het gesê hy het al previously in die band gespeel...
*'n Stilte en erns kom oor die groep wat so pas nog gelag het. Al die instrumente stil, behalwe 'n enkele banjo wat halfhartig ingestem word. Niemand antwoord Miriam nie, en sy kyk vraend op. Oompie Paulsen gee die teken en die orkes begin hard speel. Lig doof uit.*

15.8 Identifiseer die karakteriseringstegniek wat gebruik word om aan die leser insig oor Boytjie Louw se karakter te gee. Bewys jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. (2)

15.9 Verskeie karakters in die drama probeer van die realiteit van hul omstandighede ontvlug – net so is die geval met die orkes en hul musiek. Bewys hierdie stelling deur na TWEE ander karakters en hul manier van ontvlugting te verwys. (4)

15.10 Haal 'n sin uit uittreksel J aan waarin dramatiese ironie voorkom. Verduidelik waarom jou aanhaling korrek is. Waarom wou hulle nie vir Map sy plek in die Kersorkes teruggee nie? (3)

15.11 Verduidelik Oompie Paulsen se optrede in reël 19 en 20. (1)

15.12 Watter ooreenkoms is daar in die atmosfeer van TEKS I en TEKS J reëls 1 tot 15? (1)

**[25]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

***MIS* – Reza de Wet**

**Beantwoord ÓF VRAAG 15 (opstelvraag) ÓF VRAAG 16 (kontekstuele vraag)**

**VRAAG 16*:* *MIS* – OPSTELVRAAG**

Miem verhoed Meisie om as karakter te groei terwyl Konstabel tot Meisie se karakterontwikkeling bydra.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Ek het ŉ gevoel... hoe sou ek nou sê... *(klop met haar vuis teen haar bors)* ŉ gevoel hier diep, diep binne-in my. *(Onheilspellend)* Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer! |
| GERTIE: | Wat ŉ aaklikgheid! As daar iets gebeur, moet die kerkklok lui. |
| MIEM: | Is dit waar? |
| GERTIE: | Ja, die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk toe haas om daar bymekaar te kom. |
| | *Daar is ŉ harde klop aan die deur.* |
| MIEM: | *(fluister waarskuwend)* Bly doodstil. |
| | *MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer ŉ klop.* |
| MIEM: | Wie is dit? |
| KONSTABEL: | Konstabel Van der Riet, Mevrou. |
| MIEM: | Konstabel Van der Riet. Ek ken nie so ŉ konstabel nie. |
| KONSTABEL: | Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees. |
| | *MIEM, MEISIE en GERTIE kyk* na *mekaar.* |
| MIEM: | Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet ŉ mens versigtig wees. *(loer deur die sleutelgat)* Dis waar! Hy is ŉ konstabel. <u>Dis hoekom wagter nie geblaf het nie!</u> |
| | *GERTIE loer ook deur die sleutelgat.* |
| GERTIE: | *(bewonderend)* Selfs in die donker kan ek sien hy het ŉ goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So ŉ man kan ŉ mens vertrou. |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| | |
|---|---|
| MIEM: | Net ’n oomblik, Konstabel. Ek sukkel net bietjie met die slot. *(Sluit die deur oop.)* So ja. *(Maak die deur oop.)* Kom gerus binne. |
| | *Die KONSTABEL kom binne. Hy dra ’n donker ronde brilletjie en ’n helm. In die een hand hou hy ’n wit kierie vas en in die ander ’n groot leersak of ‘Gladstone bag’. Daar heers ’n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankryk. Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.* |

17.1 Is Miem se woorde in die eerste spreekbeurt ’n voorbode of bygelowigheid? Motiveer jou antwoord. (2)

17.2 Watter verhouding het Gertie met Meisie en Miem onderskeidelik en waarom bevind sy haarself in hulle huis? (3)

17.3 Herlees reël 4.

Wat verwag die vroue kan moontlik op hierdie aand gebeur en waarom het Gertie dan eintlik geen rede om te vrees nie, maar Miem wel? (3)

17.4 Herlees reël 8.

Evalueer of die vroue se reaksie op dié handeling geloofwaardig is al dan nie. Motiveer jou antwoord. (1)

17.5 Verduidelik waarom die onderstreepte stelling in reël 21 ironies is. (1)

17.6 Herlees reëls 28 tot 30.

Noem twee rekwisiete wat tot die vroue se sprakeloosheid bydra en verduidelik die simboliek van elk van hierdie items. (3)

17.7 Evalueer die geslaagdheid van die sirkusmusiek wat hoorbaar is wanneer Konstabel die huis betree. Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**EN**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**TEKS L**

*Hy trek sy baadjie stadig uit. Sy bolyf is kaal. Met vinnige flambojante bewegings wat herinner aan dié van ŉ towenaar wat ŉ indrukwekkende toertjie uitvoer, draai hy die binnekant van die baadjie buite toe – die twee kante verskil heeltemal. Dit is die baadjie van ŉ hofnar of pierot en is gemaak van blink sy. Die swart en silwer sy vorm diamantpatrone en daar is ŉ sagte, swart val om die nek. Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan. Dit het geen knope nie en hang los oop. Hy luister na die musiek en glimlag effens. Dan beweeg hy sy kop van kant tot kant. Byna droomverlore voer hy, sonder om weg te beweeg, ŉ paar danspassies uit wat herinner aan dié van ŉ marionet. Hy verstar wanneer hy iets hoor. Dan beweeg hy vinnig na die agterdeur en maak dit toe. Soos voorheen staan hy met sy rug na die gehoor en leun teen die kosyn. MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en in haar wit aannemingsrok. MEISIE kyk nie na die KONSTABEL nie.*

MEISIE: *(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle het gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.

17.8 Wat noem ons die teksgedeelte in reëls 1 tot 16 en verduidelik die dramatiese ironie wat steeds deur hierdie oomblik voortgesit word. (2)

17.9 In die drama is om blind te wees en te sien deurlopende motiewe. Identifiseer TWEE karakters en verduidelik hoe hierdie motiewe op hul van toepassing is. (4)

17.10 Herlees reël 18.

Wanneer sou Konstabel die geleentheid gehad het om vir Meisie dié instruksie te gee. (1)

17.11 Miem se intense beskerming van Meisie het Meisie uiteindelik gefaal. Bewys hierdie stelling. (1)

17.12 Identifiseer in watter fase van die drama TEKS K en TEKS L onderskeidelik afspeel. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African